Ges. 4: 1, 5. Ek wil God hê [Pinkster het 1944 No. 1
Ps. 42: 1, 2. Job 23 : 3 (1-17) 258, 289. P ✓
361 (322): 1, 3.

Job. 23: 3 – „Ag, as ek maar wis waar ek God kon vind!"

Die groot Eng. skrywer: Kipling eenmaal baie ernstig siek aan d. Koors. In sy koorsige toestand baie deurmekaar geyl + gemompel. Een oggend kom verpl. oor bed + vra: „Mnr. Kipling, wat wil u hê?" Antw.: „Ek wil O hê!"

Ja, hy het maar net gesê wat d. taal is v. elke menschart, d. diepste verlange v. elke mensesiel: „Ek wil God hê". In d. rusteloosheid v. ons gejaagde lewe, in d. angs v. ons sonde + skuld, in ons begeertes + behoeftes, in al ons leed + lyding is daar net een stem wat nooit gestil word + die stem wat in elke menschart gedurig, aanhoudend roep: „Ek wil O hê."

— Ons sê in elke menschart. Mr. is dit so? Is daar so 'n verlange in d. harte v alle soorte mense? Wil nie verder gaan as u wat vla hier voor my sit: versk. soorte mense – opvattings – behoeftes – sondes. // En tog: Is daar een wat vla kan opstaan + sê ~~met~~ eerlike belydenis: In my hart nog nooit ontdek d. sagte stem wat roep: Ek wil O hê! // Is dit nie waar: U almal het u eie inn. lewe – nes ek. U het u nodes + sondes – nes ek; u het u begeertes, u ideale, u versoeking, u stryd – nes ek. U het u eensaamheid, u beproewings u lyding – nes elke ander mens. — U het ook dies. verlange, die diepste behoefte van u hart: Ek wil O hê.

— Ja, niemand is uitgesluit – niemand van u nie, en niemand van u mytmense nie: mense v alle soorte wil O hê. Sonder Hom is d. lewe nie d. moeite werd: ons moet O vind!

① Die reeds bekeerdes: Die wat O reeds gevind het as hulle Heer & Verlosser, die wat reeds gedeel het in sy redd. krag, sy onuitputlike liefde, sy onmisbare teenw.d. Ek neem aan & weet baie van u kan vda opstaan & getuig: "Ek is 'n verlore geredde siel — 'n waaragtige Kind v O!" Dan sal u ook kan getuig wat ek nou hier sê: "Dat juis omdat ons Hom ken wil ons Hom nog beter leer ken." Juis omdat ons Hom liefhet wil ons Hom nog meer liefhê." Want niemand wat O reeds eenmaal gevind het sal en kan tevrede wees voordat Hy God gevind het in al sy volheid"

→ Is u een v. hulle? Vir wie O reeds 'n heerlike werklikhd geword het? 'n Onmisbare vriend? 'n Troue helper? Dan weet ek: U sal nie tevrede wees nie — u wil nog nader na O kom. Dan sê ek u: Nou is d. tyd, d. pragtige kans: bid dat O u nader na Hom sal trek deur Sy Gees!

② Die afgedwaaldes: Mr. daar is nog meer wie se harte roep: Ek wil O hê! Daar is dié wat eenmaal naby aan d. Vader geleef het mr. dan afgedwaal het (soos d. Verlore Seun) daar is dié aan wie O hom openbaar het — wat gesig gekry het v.d. wonder v O te ken & te bemin — en in wie dié gesig verdof, die krag verflou, die lig gedoof is.

Is daar hier so iemand vda? Iemand wat kan getuig: Ek het O eenmaal reeds gevind — mr. ken Hom nie meer nou! Miskien daar ~~by~~ 'n eenv. gebedjie aan dierbare moeder se knie; miskien daar by aanneming toe ek my Heer gevind het; miskien daar onder Skote sterrehemel toe wonder v Gods skepping my so oorweldig het dat ek in verbaasde aanbidding neergeval het met woorde: My Here & my O! Of daar waar op u knieë in u binnekamer O's Gees met u geworstel het vir dae & weke & maande totdat u uitgeroep het: "Neem my lewe, laat dit Heer..."

U weet waar daar u u O gevind het — al weet ek nie! // ~~Mr~~ toe het ander dinge gekom & u weggetrek v O: maats & vriende u opgemaak — dié verspotheid; u besighd & werk so u aandag in beslag geneem — en u hart net tyd gehad vir tyd. dinge! Of onheilige ambisie: ryk word, uitblink in een of ander ding — u lewe beetgepak & d. hoër dinge uitgedryf! Of d. lus tot sonde u oorweldig, diep geval al is dit nie in oë v. mens dan tog in oë v God! — afgestewe, weggedryf, [illegible] En toe het u blind geword — God nie meer 'n werklikhd, geled 'n dooie vorm, Bybellees 'n las, kerktoegaan 'n straf — O, u het afgedwaal v.d. Vaderhuis!

Is daar hier so iemand vda? U wil u sê, al sou u dit miskien nie wil erken: Ook u hart roep: Ek wil O hê! Sal u God die kans gee!

③ Onverskilliges: Maar daar is ook die wat O nog glad nie ken nie — al dink hulle so! Daar is d. onverskilliges, d. onbekeerdes; daar is d. ongelowiges, d. twyfelaars; daar is d. hoogmoediges & liegeseglikes; daar is d. eerlik soekendes wat nog tas in d. duister. (O, O kom op so baie maniere tot u om) Ook in u hart leef daar diep & onuitspreekbaar d. verlange: Ek wil O hê!

O, God kom op so baie maniere tot u

om u nader te trek. Ook nou wil Hy d.
roepstem in u stil. Sal u Hom d. kans
gee? //

– En tog is daar so baie wat sê dat hulle
O nie kan vind nie – alles is dikke duis-
ternis! Waar sou dan d. fout lê dat
ons O nie kan vind nie? By O of by ons?
Antw: God nog nooit opgehou om ons op
te soek nie! Reeds v. Skepping m. sondeval:
Adam waar is jy? In gelykenis goeie Herder,
vrou + penning, verlore skaap + seun: God
soek, soek, aanhoudend, geduldig! Hy klop
+ Hy roep – op soveel honderd maniere!

– Ernstige siekbed (self of dierbares); groot teen-
slag in ideale + planne + werk; ernstige doods-
gevaar v. verskriklike ongeluk gered – u lewe
teruggegee uit d. dood; stem v. gewete
wat u dae + nagte besighou oor sonde
in eie lewe; liefdevolle vermaning v. welme-
nende mens – al dit + nog honderd ander
keer het Gods roepstemme gekom: wat
het u geantwoord?

– O nee, d. fout lê nie aan Gods kant nie
Hy laat ons nooit net so nie. Waar is
d. fout dan?

Lê dit nie daarin dat ek d. verkeerde soort
O soek nie? Of op verkeerde manier? Of
dat ek nie soek m. hele hart, hele siel?
Dat ek O wil hê – + tog ook nie wil hê?

Dis d. eer lew. belange v. ~~wat~~ waar ons [stilstaan voor ons tree verder]
v/a voor staan: wil ek O hê? Waaragtig?
met my hele hart, hele siel, hele lewe?
wil ek Hom hê meer as enigiemand of enigiets
anders in d. lewe? Wat is u antw.?